BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 14

In Les 13 het twee gedagtes rondom groei in die Heilige Gees aandag geniet naamlik heiligmaking en vervulling met die Heilige Gees. In Romeine 6:16, 19 en 23 het ons gevind dat God die genadegawe van die ewige lewe in Jesus Christus aan ons skenk. Maar volgens vers 19 en 22 kom daar iets by. 'n Gelowige word opgeroep om heilig te lewe. Dit beteken dat my hele lewe afgesonder moet word vir die Here. Paulus gebruik 'n werkwoordsvorm wat verduidelik dat ons voortdurend – al hoe meer – vir die Here moet leef. Dit staan as heiligmaking bekend. En die dryfveer agter ons heiligmaking? Die vervulling met die Heilige Gees. Van God kom die dringende oproep dat ons sonder ophou met die Gees vervul moet word [Ef.5:18]. Dit beteken dat 'n gelowige vol moet word van die Heilige Gees sodat Hy ons lewe heeltemal sal vul en regeer. So word jy meer en meer 'n nuwe mens wat die beeld van Christus vertoon.
Wat moet ons doen om met die Gees vervul te word? Hernude vervulling met die Heilige Gees is die vrug van innige gebed.
Volgens die Woord vertoon 'n vervulde gelowige duidelike eienskappe. In die eerste plek bewerk dit groot blydskap in ons lewe. Die tweede kenmerk is die vermoë om met groot vrymoedigheid oor die Here te praat.

WAARIN WORD DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES SIGBAAR?

Ons weet dat God se Gees in ons as gelowiges woon. Dat Hy aan ons gegee is om ons nuut te maak en toe te rus vir ons dienswerk aan die Here.

1. LEES Galasiërs 5:22.
   Indien jy jouself aan die leiding – vervulling van die Heilige Gees onderwerp – werk Hy iets in jou lewe. Wat is dit?

2. Waarom word daar van vrug [enkelvoud] gepraat en nie vrugte [meervoud] nie?

Ons weet nou dat die vrug van die Gees die resultaat is van die Heilige Gees se vervulling in gelowiges. Aan hierdie eienskappe word 'n gelowige erken en word die beeld van Christus meer en meer sigbaar. Dit is belangrik om te verstaan dat die vrug van Galasiërs 5 direk na Jesus Christus verwys. So het Jesus gelyk.
Die vrug van Galasiërs 5 kan in drie groepe onderskei word:

- Die eerste drie (liefde, blydskap, vrede) praat van ons verhouding met God;
- Die tweede groep (geduld, vriendelikheid, goedhartigheid) praat van ons verhouding met ons naaste;

- Die laaste drie (getrouheid, vriendelikheid, selfbeheersing) het iets te sê oor my as gelowige self.

3. LEES 1Johannes 3:16; Romeine 12:20; Galasiërs 5:25.
   Die eerste vrug is liefde. Waaruit bestaan hierdie liefde?

4. LEES Nehemia 8:11; Filippense 4:4-5.
   Die tweede vrug is blydskap. Wat beteken hierdie blydskap?
   [Let op hoe Paulus praat van "in die Here"].

5. LEES Filippense 4:7; 1Johannes 1:7.
   Wat beteken vrede as vrug tussen ons en God?

Die volgende drie vrug bepaal ons verhouding met ander mense [met ons naaste].

6. LEES 1Tessalonisense 5:14-15; 1Timoteus 1:16.
   Ons moet lankmoedig wees teenoor ander mense. Wat beteken dit?

7. LEES Filippense 4:5 [1953 vertaling].
   Wat beteken dit om vriendelik te wees?

8. LEES Galasiërs 6:10.
   Wat verstaan u onder goedheid?

In die laaste plek wil die Heilige Gees ook eienskappe by jou as gelowige kweek.

9. LEES Psalm 89:2; 1 Tessalonisense 5:23-24; Hebreërs 10:23.
   Wat beteken dit om getrou te wees en op wie rus ons getrouheid?

10. LEES Galasiërs 6:1; Hebreërs 3:7-8.
    Hoe sal u sagmoedigheid [nederigheid] beskryf?

11. LEES Spreuke 25:28; 2Timoteus 1:7.
    Waar of Vals?
    Selfbeheersing is die vermoë om jou *emosies* en *begeertes* te beheer.

B. ANTWOORDE.

1. Die vrug van die Heilige Gees. Ons moet mooi verstaan dat die Heilige Gees nie hierdie vrug uit die lug laat val in ons lewe nie. Ons stel onself voortdurend, biddend tot beskikking van die Heilige Gees. Prakties beteken dit dat ek elke dag vir die Gees moet sê: "Here, ek gee my lewe aan U oor om te beheer."
2. Daardeur beklemtoon die Here deur Paulus dat al die vrug van vers 22 en 23, teenwoordig moet wees in 'n gelowige se lewe.
3. Die liefde van Galasiërs 5:22 verwys na die goddelike liefde wat agape genoem word. Hierdie liefde is altyd na buite gerig en is ingestel op dade – om te doen. Daarmee saam word liefde as vrug eerste genoem. Dit beteken dat geen vrug van die Heilige Gees sonder liefde kan funksioneer nie.
4. Hierdie blydskap is nie iets wat die wêreld my kan gee nie. Dit is ook nie afhanklik van my omstandighede nie. Dit is ook meer as 'n gemoedstemming of 'n emosie. Hierdie blydskap is die vermoë om verby my omstandighede te kyk en die Here raak te sien. Daarom praat Paulus van blydskap *in die* Here. Hoekom kan en moet ek bly wees? Omdat die Here naby is. Daarom kan niemand hierdie blydskap [vaste wete] wegvat nie.

5. Die woordjie vrede beteken om heel te wees. In Jesus Christus is ons verhouding met God weer heelgemaak. Die vrede as vrug beteken dat jy nie meer knaend deur jou gewete aangekla word oor alles wat in jou lewe verkeerd gegaan het nie. Daarmee saam is hierdie vrede van God ook jou skeidsregter tussen wat reg en verkeerd is.
6. Lankmoedigheid beteken: wat baie kan verdra sonder om kwaad te word; geduldig; toegewyd. Omdat 'n Geesvervulde gelowige die Here se lankmoedigheid in sy lewe ervaar, is hy/sy nooit haastig om ander te veroordeel of af te skryf nie. Hy vergewe maklik en gee altyd vir iemand nog 'n kans.
7. Die woordjie vriendelik beteken letterlik om goed te voel teenoor ander. Dit is daarom meer as 'n glimlag maar eerder 'n gesindheid dat jy werklik belangstel in 'n ander persoon. Daarmee saam is jy ook sensitief teenoor so 'n persoon se situasie, gevoelens en behoeftes.
8. Ons verhouding teenoor ander mense moet nie net uit 'n vriendelike gesindheid bestaan nie. Dit moet ook deur dade gekenmerk word. So is goedheid vriendelikheid in aksie.
9. Die woordjie trou is afgelei van 'n Hebreeuse werkwoord wat *vas* beteken en is verwant aan die bekende woord *amen*: dit staan vas, dit is waar en seker. 'n Persoon wat getrou is, is iemand waarop jy kan staatmaak. Dit is iemand wat in al sy verhoudings betroubaar en eerlik is. Ons getrouheid rus op die getrouheid van God.
10. Sagmoedigheid beteken dat jy op 'n saggeaarde en liefdevolle wyse teenoor iemand optree. Jy is sensitief vir ander se behoeftes.
11. Waar.

****